

Sakeman kry vyf jaar tronkstraf vir BTW-bedrog

Tshwane, 6 Oktober 2021 - 'n Sakeman, wat vervalsde belastingfakture gebruik het in die berekening van BTW-uitset- en insetbelasting, is hierdie week gevonnissen tot vyf jaar direkte tronkstraf vir belastingbedrog.

Die Bloemfonteinse streekshof het aangehoor dat Ntabe Trading & Projects CC en mnr. MJ Ntabe, vervalsde stuwende dokumente aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se ouditeurs verskaf het om die BTW-berekening te staaf.

SARS Oudit het bykomende aanslae uitgereik wat gelei het tot 'n totale nadeel van R1 miljoen vir SARS. Die beslote korporasie het bedrywighede gestop en slegs mnr. Ntabe is aangekla, waarna hy skuldig gepleit het.

Op die 21 aanklagte van bedrog, is mnr. MJ Ntabe gevonnissen tot 8 jaar gevangenisstraf, waarvan drie jaar opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat die aangeklaagde nie skuldig bevind word van bedrog gedurende die opskorttydperk nie.

SARS kommissaris mnr. Edward Kieswetter, neem met kommer kennis van die kastyding van BTW-misdaad wat al vir 'n lang tyd toeneem. "Daar word maatskappye geskep alleenlik met die doel vir bedrog teen SARS. Hierdie vonnis van direkte tronkstraf moet 'n duidelike boodskap stuur dat SARS die kapasiteit het om bedrog na te spoor en dit duur te maak vir oortreders". In samewerking met ander wetstoepassers, sal SARS voortdurend diegene, wat hierdie misdade pleeg, tot boek bring.

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.